

Detail is belangrik in proses veiligheid!

Maart 2015

Daar was 'n eksotermiese reaksie in 'n drom met radio aktiewe afval in 'n afval stoorplek. Die drom het gebars, radio aktiewe materiaal vrygestel en ook ander dromme blootgestel aan hoë temperature en moontlike faling. Twintig werkers is blootgestel aan radio aktiewe bestraling. Die aanleg moes sluit en die herwinnings en remedieeringskoste sal na verwagting honderde miljoen VSA Dollar beloop.

Daar was suur afvalmateriaal, oksiderende materiaal en organiese absorberende materiaal in die drom. Die mengsel het gereageer en hitte en druk veroorsaak wat die drom gebars het. Oksideermiddel reageer met organiese materiaal.

Die ondersoek is nie afgehandel nie maar volgens berigte het 'n tikfout veroorsaak dat organiese absorbeer materiaal gebruik is in plek van anorganiese, klei basis materiaal. Die hersiene prosedure sê uitdruklik dat "**organic**" absorbeermiddel gebruik moet word terwyl dit moes lees "**inorganic**" met katastrofiese gevolge. Die tikfout is nie raakgesien nie en die verkeerde absorbeermiddel is gebruik. Die twee letters "i" en "n" maak 'n dramatiese verskil in die eienskappe van die absorbeer middel!



Ander voorbeelde

- ❖ 'n Dun pypie (tubing) vanaf die prosesyp na 'n drukmeter het gefaal en vlambare materiaal vrygestel wat aan die brand geraak het. Die brand het uitgebrei en die aanleg verwoes (Beacon, Oktober 2012) Dit alles oor hulle die risiko geneem het om 'n klein stukkie dun pyp te gebruik eerder as om by die pypspesifikasie te hou!
- ❖ 'n Meetinstrument in 'n plastiek pyp met vlambare poeier in 'n lugstroom het statiese elektrisiteit opgebou omdat dit nie geaard is nie. 'n Statische vonk het 'n stofontploffing veroorsaak. Dit alles oor een enkele instrument wat nie gegrond is nie terwyl duisende ander wel gegrond is!
- ❖ 'n Ernstige brand op 'n olie platform in die see is veroorsaak deur 'n rubberpyp wat metanol gelek het. Die lek in die rubberpyp is tydelik herstel met elektriese insuleerband, maar dit het nie gehou nie. (Beacon, Julie 2007) Dit alles oor een rubberpyp gebruik vir metanol, en dan nog tydelik reggemaak terwyl daar duisende meters staalpyp met die regte spesifikasie elders gebruik word!
- ❖ Baie sentrifugale pompe het al ontplof omdat beide inlaat en uitlaat kleppe toe was terwyl die pomp geloop het. Wrywing van die stuurverhit die vasgevangde vloeistof tot dit kook en die pomp bars. (Beacons van Oktober 2002 en Augustus 2013) Dit alles oor een of twee kleppe uit duisende in verkeerd gestel is!

Wat kan jy doen?

- ❖ Watter werk jy ookal doen- operateur, instandhouding, toesighouer, ingenieur of bestuurwees noukeurig en presies in jou werk. Geen detail is onbelangrik in prosesveiligheid nie! Jy weet nooit watter oënskynlike klein detail kan 'n groot insident begin en die verskil tussen lewe en dood beteken nie.
- ❖ As jy gevra word om 'n prosedure of ander prosesveiligheidsinligting te hersien, doen dit deeglik, woord vir woord. Moenie dit sien as 'n formaliteit nie. Die insident hierbo is veroorsaak deur een verkeerde woord!

Doen dinge noukeurig en gee aandag aan detail – Dis belangrik!